# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 221
15 Desember 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr J Otto

**In hierdie uitgawe:**
**Redaksioneel**
**Berigte - Bondsake Lewensbrood**
**Kennisgewings**

## REDAKSIONEEL

**Niet tot niet.**

Aan die einde van nog 'n jaar! Die bouers sluit, die drukkers sluit, die howe sluit, die skole is reeds gesluit. Baie projekte is suksesvol afgehandel. Ander projekte sal eers volgende jaar of later afgehandel word. Kinders 'n sekere jaar gebore gaan nou skool toe, 'n volgende groep gaan hoërskool toe, ander het nou hul skoollewe voltooi. Mense 'n sekere jaar gebore gaan aftree, hang af waar hulle werk. Mense 'n sekere tyd gebore weet dat hulle elke dag die laaste dag kan wees, elke dag is genade. Die einde van die jaar laat ons ook nadink oor die kortstondigheid van die mens se bestaan.

Ons hoef maar net na die heelal te kyk om te besef dat entropie meer as net 'n vreemde woord is. Die eerste betekenis van die woord "entropie" het met termodinamika en chaos te make, sy tweede betekenis verwys na gebrek aan orde of voorspelbaarheid, met as volgende betekenis die stadige agteruitgang na chaos toe. Ons is nie nou besig met kwantum fisika nie, so kom ons volstaan met betekenis een en twee ondersoek.

Die gebrek aan orde en die onvoorspelbaarheid van hierdie bedeling dwing ons tot waaksame arbeid en toewyding. Ons wil kan weet wat gaan volgende gebeur. Ons wil kan beplan. Spontaan is so nou en dan goed, maar dan beplande en beheerbare spontaan.

Nou, Desember en Kersfees, is dit tyd vir minder struktuur. Net die Kersete moet in fynste detail beplan word... Ons rus en bou krag op vir volgende jaar se harde werk. Tog gebeur daar steeds verskriklike dinge. Die ongelukke en die dood herinner ons aan die dun lyn tussen ons en chaos. Al gaan ons in 2024 dalk aan na groter en beter dinge, ons sluit hoofstukke af en die verlede is onverhaalbaar. Geen stortvloed van trane gaan jou kan terugneem na enige punt van koestering in die verlede nie. Die vlietende aard van alles herinner ons dat alles tot niet gaan.

Die stadige agteruitgang en verval van alles noop ons tot konstante onderhoud. Staak ons die onderhoud van enige ding of mens, gaan chaos intree (baie stadig dalk), met die uiteinde as totale chaos.
Die wetmatigheid wat ons in die skepping raaksien, wys heen na die Skepper wat alles steeds onderhou. God het alles goed geskep en alles het 'n plek en maak sin. Met die sondeval het alles verander; die wetmatigheid het gebly. maar die faktor van verganklikheid het oorheersend geword. Romeine 8:19-22 *Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal*

*maak wie sy kinders is. __Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe__, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê*. Die mens se indring in en gebruik van die wetmatigheid, kan die sistematiese siklusgang van die natuur onderbreek.

Diegene wat elders gaan rus weet dat by terugkoms gras gesny gaan moet word, stof uitgedring moet word, die natuur se winste weer omgekeer word.

Hoe kan ons positief wees te midde van die entropie in terme van ons menswees en ons omgewing?

Kersfees herinner ons daaraan dat God in hierdie bedeling ingekom het. Die geboorte van die Kind van Nasaret is die inbreek van die Tweede Persoon in hierdie skepping in. Hy deur Wie alles geskep is (Woord - God het gesê) het deel van die skepping geword. Sy koms, Sy lewe en Sy dood was afgestem op entropie tot 'n einde laat kom. Kersfees is die herinnering aan die begin van die einde van entropie.

Paulus herinner ons in 1 Korintiërs 15 dat die dood self oorwin is. Die dood is dood. Alles gaan nie tot niet. Die herskepping is met Sy koms gewaarborg. Al is daar hoeveel jaareindfunksies en afsluitings, die oorheersende tema is een van hoop en eindelose vreugde saam met God.

# BERIGTE

## BONDSAKE

### Lewensbrood 2024/25

Lewensbrood 2024 is versend en beskikbaar by die gemeentes

## KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

### FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuig finansiering en veilige beleggings.